

DIE LAASTE JARE VAN JACOBUS COETZEE EN MARIA MARGARETHA CLOETE

In die kort lewenskets van Jacobus Coetzee Jan/sn. deur wyle dr. E. E. Mossop, soos gepubliseer in die publikasies van die Van Riebeeckvereniging, No. 28,¹ kom daar, afgesien van 'n paar minder opsigtelike onjuisthede, enkele stellinge voor in verband met die laaste lewensjare van hierdie veeboerpionier, grootwildjagter en ontdekkingsreisiger en sy eggenote, wat op growwe mistasting neerkom. Mossop beweer naamlik

(1) dat Jacobus Coetzee oënskynlik eers in sy tienderjare gedoop is;

(2) dat die leningsplaas „Klipfontein aan de hoek van de Piquetbergen” deur Cornelis Coetzee, 'n oom van Jacobus, ontruim is net voordat laasgenoemde die woon- en weiregte daarvan verkry het;

(3) dat Maria Margaretha Cloete, eggenote van Jacobus Coetzee, in 1804 oorlede is, en dat Jacobus uit drang van 'n onweerstaanbare gehunker na Klein-Namakwaland in dieselfde jaar nog na die Kamiesberge verhuis het om aldaar sy laaste jare by sy dogter Huibrecht en haar man Johannes Coetzee Dirk/sn. te slyt.

Ter weerlegging van die voorgaande moet, in die eerste plek, daarop gewys word dat geen onsekerheid oor Jacobus Coetzee se ouderdom hoef te bestaan nie. As kleinseun van Dirk Coetsé en Sara van der Schulp, die stamouers van die Coetzee's in Suider-Afrika, was hy die sesde kind van Johannes (Jan) Coetzee en Elisabeth Paal (of Paling) wie se eerste kind in 1713, hul huweliksjaar, gedoop is. Vervolgens is daar in die veertien jaar vanaf 1716 tot 1730 vyf kinders insluitende Jacobus, die jongste van hierdie groep, uit die huwelik gebore. Dit was 'n gesinsaanwas volgens 'n natuurlike geboortes pasiëring, en daarom kan dit geredelik aanvaar word dat Jacobus, gedoop op 8 Oktober 1730,² in die jaar van sy geboorte ten doop gebring is.

Tweedens: die plaas *Klipfontein* is wel in September 1758 ten gunste van Jacobus Coetzee ontruim, maar nie deur Cornelis Coetzee nie. Laasgenoemde was toe alreeds drie jaar dood. Vyf jaar voor sy oorlye is hy op 13.12.1750 met Anna Lubbe hertroud, en na sy dood het sy blykbaar die ordonnansie op die plaas op Cornelis se naam behou en daardeur aanspreeklikheid aanvaar vir die oorledene se tien jaar agterstallige rekognisie. Op 8 April 1757 is sy hertroud met Johan Heinrich Lange, soldaat by sy aankoms aan die Kaap in 1748, en later boerkneg.³

Dit was met hulle dat Jacobus gereël het om *Klipfontein* te gaan uitneem sodra hulle die plaas sou laat vaar. Net so gretig as wat hy was om die plaas te hê, so gretig was hulle om dit te verlaat vanweë die sukkelbestaan wat hulle blykbaar daar gevoer het, want teen September

1. *The Journals of Brink and Rhenius*, Uitgegee deur dr. E. E. Mossop, 1947, bl. 93.

2. De Villiers en Pama: *Geslagsregisters van die Ou Kaapse Families*, Deel I (A-K), bl. 144.

3. *Ibid.*, Deel II (L-R), bl. 460. Die egpaar was die stamouers van die Lange's en De Lange's in S.A.

1758 was Aletta nog steeds opgeskeep met die erkenningskuld van wyle haar eerste man, en boonop was sy toe met 'n verdere drie jaar se rekognisie agterstallig. Sy het dus in 'n kwellende penarie gesit: volgens wet moes alle agterstallige rekognisie afbetaald wees alvorens 'n leningsplaas verlaat mog word. Aan hierdie vereiste kon sy egter nie voldoen nie. Al uitweg was om 'n deel van die skuld af te betaal en haar benarde posisie aan die owerheid bloot te lê. Blykbaar het sy ook gesteun op die reëling dat Jacobus sy aansoek om die plaas sou laat saamval met haar kennisgewing van die verlating daarvan.

Op 14 September het Lange, „mondeling kiart hebbende van desselfs hijsvrouw weeduwe weijlen den Landbouwer Cornelis Coetzee”, en vergesel van Jacobus Coetzee wat moontlik 'n goeie woord vir haar sou doen, nege vierjarige trekosse — 3 osse of 24 riksdalders was die jaarlikse rekognisie — by *De Schuur (Groote Schuur)* aan Jan Hofmeyr, die opsigter aldaar, afgelewer ter afbetaling van drie van die dertien jaar se verskuldigde bedrag. Die volgende dag het hy sy kwitansie by die sekretariaat van die Politieke Raad vertoon, en die owerheid beweeg om die afbetaling te aanvaar en met die kennisgewing van die ontruiming van die plaas genoeë te neem. Dit is hom nietemin aan die verstand gebring dat hy en sy vrou die resterende erkenning van „Thien Jaaren van tijd tot tijd aan d' E. Comp. zullen moeten voldoen”.⁴ Op dieselfde dag, 15 September 1758, is die woon- en weiregte van *Klipfontein*, „de verlaaten plaats van de weeduwe wijlen . . . Cornelis Coetzee”, aan Jacobus Coetzee Jan/sn. in lening vergun.⁵

Laastens moet dit beklemtoon word dat die stelling dat Jacobus se eggenote hom in 1804 ontval het, en dat hy hom daarna in dieselfde jaar nog metterwoon gaan voeg het by sy dogter Huibrecht en haar man wat, volgens Mossop, toe reeds by die Kamiesberge sou gewoon het, van alle waarheid ontbloot is. Blykbaar spruit hierdie mistasting uit oorhaastige naspoorwerk. Daarby kom nog dat Mossop sy navorsing oor Jacobus Coetzee nie end-uit deurgevoer het nie, anders sou hy beslis tot ander gevolgtrekkinge gekom het.

Omdat die name van Jacobus en sy eggenote in die opgaafrolle van die veldkornetskap „Voor de Piquetbergen” van 1804 nog soos voorheen verskyn, *maar in dié van 1805 ontbreek*,⁶ en omdat 'n sekere „Jacobus Koetze Jz”⁷ — 'n ongehude persoon met net 8 trekosse as besittings — in 1804 opduik op die opgaaflys van „t Veld-Cornetschap van Johs.

4. R.L.R. 11/22, kanttekening. (Kaapse Argief.)

5. Ibid. 15, fol. 108 of bl. 245.

6. J 206 Stell. Kyk onder Drakenstein, wyk van veldk. Daniel Lambrechts. Hul name verskyn weer van 1806 tot 1810 in J 206 en J 207 Stell. en J 350, J 351 en J 352 Tulbagh, in al die gevalle in die wyk van veldk. Daniel Lambrechts.

7. J 200 Stell.-Drakenstein 1804, bl. 62. Vir *Jacobus Koetze Jz* lees Jacobus Coetzee Jacobuszoon of Jacszn, soos sy naam reeds vanaf 1798 (J 194) in die opgaafrolle voorkom. Hy was die tweede seun, gedoop 1761, van Jacobus Coetzee Jan/sn. en Maria Cloete. Teen ong. 1797 het hy reeds in Klein-Namakwaland gewoon.

Cornelis van der Westhuizen aan de Camiesberg In 't Namaqualand", en op die volgende blad in dieselfde band die name van Johannes en Huibrecht Coetzee voorkom,⁸ het Mossop dit as vanselfsprekend aangeneem dat Maria Margaretha Cloete dood was, en dat genoemde Jacobus Koetze Jz niemand anders kon gewees het nie as haar oorlewende eggenoot Jacobus Coetzee Jan/sn. wat nou as wewenaar by sy dogter kom woon het. Dog só eindig die lewensverhaal van hierdie twee mense nie.

Jacobus Coetzee Jan/sn. se lewensloop kan min of meer in twee fases ingedeel word. Die eerste fase — waaroor hier nie uitgewy kan word nie — dié waarin hy o.a. as avontuurlustige baanbreker van die Noordweste naam gemaak het, veral met sy eerste landtog tot benoorde die Grootrivier, sluit af by sy terugkoms in 1762 van sy tweede landtog wat hy onder aanvoering van kaptein Hendrik Hop meegemaak en waarin hy as gids 'n sleutelrol gespeel het.⁹ Die tweede fase begin met die hervatting van sy bestaan as veeboer-pionier en landbouer op sy plaas *Klipfontein* in die Suid-Sandveld. In die belang van sy gesin het hy van nou af sy drang na die avontuurlike gesmoor en hom heeltyds aan sy boerdery gewy.

In daardie jare was hy 'n armoedige kleinboer. In 1764 byvoorbeeld het hy slegs een perd, 20 beeste en 100 skape besit.¹⁰ Oor die jare heen het hy hom egter uit die greep van rekognisieskuld en die knelling van 'n sukkelbestaan losgewikkel. Sy kuddes het so aansienlik toegeneem dat hy inderdaad later onder die voorste veeboere getel het. In die sewentigerjare reeds toon sy opgawe aan dat sy beestrop tot 100 en sy skape tot 900 aangewas het, en in 1787 was die getalle 200 en 1,000 onderskeidelik.¹¹ Graanbou, wat voorheen as bysaak beskou is, het geleidelik in omvang toegeneem. Teen die einde van die eeu het sy koringoes alleen by tye die 300 mud-kerf gehaal.¹²

Deur die toename van sy veestapel is Jacobus genoodsaak om twee adisionele plase in 1779 en 1781 respektiewelik uit te neem, nl. „Vleermuijs Klip aan de overzijde van de Olyphants rivier”,¹³ tussen Vredendal en Koekenaap geleë, en „Bracke Kuijl gel. aan de overzijde van de Ver-

8. Ibid., bl. 63. Skrywer hiervan het vasgestel dat bl. 63 niks met veldkornet Johs. Cornelis van der Westhuizen se wyk te make het nie. Bl. 63, 64 en 65 van hierdie band bevat gegewens van „Het District van Veld-Cornet Ernst Hendrik Wolvaart Olifants rivier over de Comps. Drift”. In hierdie wyk het Johannes en Huibrecht Coetzee toentertyd op *Vleermuisklip*, digby die noordelike oewer van die Olifantsrivier, gewoon. Eers aan die begin van 1808 het hulle na *Tweefontein*, geleë naby die Kamiesberge, verhuis.

9. Vir 'n deeglike weergawe en waardebeplanning van Jacobus Coetzee se landtogte sien: N. A. Coetzee: *Jacobus Coetzee: Die Boerepionier van Groot-Namakwaland*, art. in *Historia*, Jg. 3, Sept. 1958, bl. 169. Ongelukkig het Coetzee, blykbaar beïnvloed deur die misleidende stelling van Mossop, dieselfde fout as lg. ten opsigte van Jacobus Coetzee Jan/sn. se laaste lewensjare begaan.

10. J 171 Stell., bl. 19 van die opgaafrolle Drakenstein.

11. J 185 Stell., bl. 33, *ibid.*

12. J 196 Stell., ongepagineerd. Sien Drakenstein 1800.

13. R.L.R. 26/121. Met hierdie plek het Jacobus tydens sy landtogte kennis gemaak.

lore Valleij aan de grauwe duijnen”¹⁴ op ’n gedeelte waarvan in later jare die vissersdorpie Elandsbaai aangelê is.

Na enige jare het hy *De Grauwe Duijnen* laat vaar aangesien sy veetroppe skerp verminder het deurdat hy drie van sy seuns, wat selfstandig wou gaan boer, aan vee moes help. Op *Vlermuisklip* het hy teen ongeveer 1790 sy skoonseun, Johannes Coetzee Dirk/sn., getroud met sy oudste dogter Huibrecht, as bywoner en opsigter geplaas, nadat Johannes voorheen vir sowat nege jaar die woon- en weiregte van *Jakkalsfontein*,¹⁵ ’n buurplaas van *Klipfontein*, besit het. ’n Paar jaar voor die einde van die eeu het Jacobus *Vlermuisklip* ten gunste van Johannes en Huibrecht ontruim,¹⁶ en op hierdie plaas het hulle, soos reeds in voetnoot 8 gesê, tot einde 1807 bly woon. Aan die begin van 1808 het hulle na *Tweefontein*, geleë tussen die Kamiesberg en die Doornrivier verhuis.¹⁷ Vier jaar later het Johannes Coetzee se boerdery reeds dermate uitgebrei dat hy dit raadsaam geag het om ’n tweede plaas, „de Een Kokersboom gel. aan de Zwarte Doornrivier onder Camiesberg”, by uit te neem.¹⁸

Reeds in die jare tagtig van die agtiende eeu — moontlik heelwat vroeër — was daar in die gebied ten weste van die Piketberge tot aan die seekus geen onbesette leningsplaas meer vir nuwe boere beskikbaar nie. Gevolglik moes etlike jong burgers van tyd tot tyd noordwaarts uitwyk om leningsplase van hul eie te bekom. Só het dit gebeur dat drie van die vier nog in lewe synde seuns¹⁹ van Jacobus Coetzee Jan/sn. hulle in die laaste dekade van die eeu ten noorde van die Olifantsrivier gaan vestig het. Gerrit, getroud met Jannetje du Toit, en Jacobus het voorlopig saam op ’n plaas van Gerrit Cloete de jonge, om ’n deel gaan boer.²⁰ Dirk en sy eggenote Anna Francina de Klerk, het hulle by die wed. Jacob Cloete gaan voeg, waarskynlik op die plaas *Bidouw* van haar seun Gerrit geh. Johanna Esterhuyzen. Dirk het egter in 1804 na die Suid-Sandveld teruggekeer.²¹

In ongeveer 1799 het Gerrit ’n ent suid van die Doornrivier die plaas „de Varsche Brak Elandsfontein” uitgeneem,²² en sowat agt jaar later ook „Meerhoofdscaasteel” (*Meerhoffskasteel*),²³ geleë ten noorde van *Elandsfontein*. Sy broer Jacobus het vir eers gebly waar hy was.

14. R.L.R. 28/74. Hierdie plaas was vroeër ’n deel van *Bonteheuvel* waar sy vader ca. Sept. 1755 oorlede is, en wat vervolgens deur Jacobus vir ongeveer nege jaar uitgeneem is. Sien R.L.R. 14/126.
15. R.L.R. 28/23. Hy het die plaas op 9.3.1781 uitgeneem.
16. R.L.R. 156/76, ongedateerd. Circa 1798/99.
17. J 350 Tulbagh, 1808. Vgl. Mossop se bewering dat hulle in 1804 reeds by die Kamiesberge gewoon het.
18. J 353 Tulbagh, 1812, bl. 47. Johannes het by sy dood, ong. Nov. 1822, nog dié plase besit. Op een van die plase is ook Huibrecht, ong. Feb. 1829, oorlede. Sien MOOC 88/72 en 107/120. (Kaapse Argief.)
19. Die oudste, Johannes, is ong. 1787 oorlede aangesien sy naam daarna van die Ordonnansieboeke verdwyn. Hy het sy jong weduwee en twee kindertjies agtergelaat.
20. J 194 Stell., ongepagineerd. Sien Drakenstein 1798.
21. J 199 en J 204 Stell., wyk van veldk. Daniel Lambrechts.
22. R.L.R. 156/76, ongedateerd. Circa 1799/1800.
23. J 350 Tulbagh, bl. 36, in die „Veldcornetschap van Ernst Hendrik Wolfaard.” (*Meerhoffskasteel* moet nie met die rots by Piekienierskloof verwar word nie.)

In teenstelling met die vooruitstrewende Gerrit, het Jacobus dit nooit verder as bywoner gebring nie. Op een tydstip het volslae armoede hom selfs in die aangesig gestaar. Van die ses perde, 50 beeste en 670 skape wat hy aanvanklik besit het, het daar in 1804 slegs 8 trekosse oorgebly.²⁴ Dit was toe hy tydelik in hierdie nagenoeg behoeftige omstandighede verkeer het dat Mossop, soos reeds gesê, sy naam as *Jacobus Koetze Jz* op die opgaaflys van die wyk van veldkornet Johs. Cornelis van der Westhuizen in die omgewing van die Kamiesberge aantref en hom sonder meer met sy vader verwar het.

Van 1812 af tref ons hom vir enkele jare as bywoner op die plaas *De Kuilen* aan. Nadat sy broer Jasper in 1814 uit die Suid-Sandveld padgegee en sy intrek geneem het op die plaas *Remhoogte* geleë „oostelikh van de Camiesberg aan de Wilgehouterivier”, het Jacobus by hom woonplek gekry. Toe Jasper teen 1820 die plase *Olyvenfontein*, *Wolwepoort* en *Groote Valley* uitneem, het hy saam met hom daarheen getrek.²⁵ In 1826 was hy egter terug op *De Kuilen*. Eindelik, nadat sy opgawe vir 1827 in die Opgaafregister ingeskryf was, is dit nog dieselfde jaar, voordat sy belastingaanslag daarvolgens opgestel kon word, met 'n dik inkstreep van hoek tot kant deurgehaal²⁶ — 'n aanduiding dat hy blykbaar in daardie jaar oorlede is.

Om tot Jacobus Coetzee Jan/sn. te *Klipfontein* terug te kom: teen 1803 het hy vanweë sy klimmende jare besluit om te gaan rus. Sy jongste seun Jasper, wat ongeveer twee jaar na sy huwelik in 1795 met Johanna de Klerk op sy eie op een van die plase van sy swaer, veldkornet Daniel Lambrechts, om 'n deel gaan boer het, het met sy vader ooreengekom om *Klipfontein* oor te neem. Daar bestaan aanwysinge dat hy die opstal en die meeste van die boerdery-implemente, asook 'n aansienlike getal kleinvee en enige beeste, van sy vader op skuld oorgeeneem het.²⁷ En aangesien Jacobus de oude vanaf 1803 geen opgawe meer gedoen het nie, het hy Jasper moontlik reeds in daardie jaar in besit van die weiveld en landerye van die plaas gestel, hoewel laasgenoemde se eerste opgawe as ordonnansiehouer van die plaas eers in 1805 ingedien is.²⁸

Dat Jacobus egter nie al sy besittings uitgedeel het toe hy besluit het om te gaan rus nie, blyk uit latere gegewens. Hy het vir hom genoeg slagvee, 'n paar aanteelbeeste en 'n span trekosse uitgehou. Ook sy slawe het hy nie almal van die hand gesit nie. Sy oogmerk hiermee was ongetwyfeld om op sy oudag nog selfversorgend te bly. Hy wou op niemand se nek gaan lê nie.

In 1805, anders as in die voorafgaande jare, verskyn die name van

24. J 200 Stellenbosch — Drakenstein 1804, bl. 62.

25. J 389 Clanwilliam, 1821. Kyk onder die wyk van veldkornet Hermanus Albs. Engelbrecht, bl. 18 en 19.

26. J 403 Clanwilliam, bl. 27. Hy is nr. 19 op die lys.

27. Volgens MOOC 86/82, boedelinventaris van Maria Margaretha Cloete, die wed. Jacobus Coetzee, was Jasper na haar dood 4,000 riksdalders aan die boedel verskuldig.

28. J 204 Stell., bl. 16, wyk van veldk. Daniel Lambrechts.

Jacobus Coetzee en sy eggenote nie op die opgaaflys van hul veldkornetswyk „Voor de Piquetbergen” nie, — ook nêrens elders nie — maar gereeld weer op die rolle van die jare 1806 tot 1810.²⁹ Ongelukkig word die akkurate vasstelling van hul nuwe woonplek onoorkoornlik bemoeilik deurdat in verband daarmee, net tweemaal, nl. in die wyksopgaaflyste van 1806 en 1807 respektiewelik, die vae aanduiding verskyn: „Woont op een plaats van Danl. Lambrechts” en „Woont by Lambrechts”.

Veldkornet Daniel Lambrechts, op 23 Oktober 1791 hertroude met Anna Elisabeth Coetzee, ’n dogter van Jacobus en Maria, het destyds drie leningsplase gehad: *Stinkfontein* aan die suidelike voet van die Piketberge, die aangrensende plaas *Schapenkraal* (tans *Kuldersrivier*) en die afgeleë *Steenbokfontein* tussen die Jakkalsrivier en die Langevallei benoorde die Benede-Verlorelei.³⁰ Op laasgenoemde plaas, wat onder Tulbagh geressorteer het, het Jacobus en Maria gewis nie gaan woon nie, aangesien hulle, soos in die opgaafrolle aangetoon word, ingesetenes gebly het van die veldkornetskap tussen die Piketberge en die Benede-Bergrivier wat tesame met die wyk Agter-Piketberg onder Stellenbosch ingedeel was. Blykbaar is hulle deur die toedoen van hul dogter Anna, deur Lambrechts uitgenooi om op ’n deel van of *Kuldersrivier* of sy hoofplaas *Stinkfontein* met hul boerderytjie voort te gaan. Hier het hulle, soos ons reeds verneem het, vir minstens twee jaar gewoon.

Inmiddels het ’n gevoelige slag die huisgesin van hul seun Gerrit oorkant die Olifantsrivier getref. Sy eggenote, Jannetje du Toit, is hom op vyf-en-dertigjarige leeftyd te *Elandsfontein* (volgens die Hollandse tongval soms deur amptenare *Ilandsfontein* gespeld) deur die dood ontnem, ’n tydjie nadat sy op 4 November 1806 die lewe geskenk het aan haar negende kind. Besorgdheid oor sy moederlose kroos, van wie die meeste nog van tere ouderdom was, skyn dan ook die vernaamste beweegrede te gewees het waarom Gerrit sy twee plase in daardie geweste aan opsigters toevertrou en na die Suid-Sandveld terugverhuis het. Na alle waarskynlikheid het hy hom hier met die versorging van sy gesin op die hulp van sy moeder verlaat; en vir hierdie liefdestaak was sy nie slegs opgewasse nie, maar ook nog lewenskragtige genoeg, haar sewentig jare ten spyte. Waarskynlik het sy reeds in die lente van 1807 met haar taak begin toe Gerrit, vergesel van sy broer Jasper en sy gade, asmede Jeremias Nieuwhout en sy vrou Jacoba Botman, na Kaapstad afgereis het om sy verweesde seuntjie daar te laat doop.³¹

29. J 206 (1806), bl. 70 en J 207 (1807) albei Stell., en J 350 (1808), J 351 (1809) en J 352 (1810) Tulbagh; kyk by almal onder die wyk van Daniel Lambrechts. Op die eerste drie rolle kom Jacobus se van voor as „Kotse”, „Kotsee” en „Kotze” onderskeidelik; by J 351 is die „Coetzee” en by J 352 „Koetzee”.

30. J 206 Stell., 1806, bl. 70.

31. Doop Boek N.G. Gemeente Kaapstad, 1795-1807, bl. 229, . . . N.G. Kerkargief. Die seun se geboorteplek word as *Ilandsfontein* aangedui. Hy is op 8.11.1807 Jasper gedoopt. In 1854 het hierdie Jasper van Hendk. Johs. Thiar die plaas *Langrug* grensende aan *Kuldersrivier* gekoop, op ’n deel waarvan tans nog van sy nakomelinge woon. CQ 5²/74, Aktekantoor.

Gerrit se eerste opgawe in die veldkornetswyk „Voor de Piquetbergen” is in die herfs van 1809 ingedien³² — egter sonder vermelding van sy verblyfplek. Weldra begin dit egter deurskemer dat hy voorlopig as bywoner van Jasper op ’n deel, nagenoeg die helfte, van *Klipfontein* kom woon het. Dit was hoogs waarskynlik die huidige plaas *Grootkloof* wat op daardie tydstip nog grotendeels onbewerk gelê het en hoofsaaklik as weiveld benut was. Die feit dat hy die bewoonbaarmaking van die plek van voor af moes aanpak, kan dan ook as rede aangevoer word waarom sy eerste paar opgawes die naam van sy tuiste verswyg.

Tot onlangs toe nog was daar ’n entjie hoër op in die kloof, ten ooste van die terrein van die teenswoordige plaasopstal, die reste sigbaar van die oorspronklike opstal wat volgens oorlewering deur Gerrit Coetzee opgerig was. En hier, so wil dit voorkom, het sy ouers, Jacobus Coetzee en Maria Margeretha Cloete, in wie se sorg sy kinders vermoedelik al ’n tyd lank was, hul intrek by hom geneem. Presies wanneer dit gebeur het, is onbekend, maar van een ding is ons versekerd: van 1806 af reeds is daar in die opgaafrolle geen aanduiding meer dat hulle nog op ’n plaas van hul skoonseun Daniel Lambrechts woonagtig was nie.³³ Hoe dit ookal sy, vir Gerrit se moeder was dit eerlang nie meer nodig om haar oor sy huishou te verkwel nie daar hy op 8 Oktober 1809 hertrou is met Anna Jacoba Smit,³⁴ ’n dogter van wyle Jacobus Smit en Anna Elisabeth Visser van *Hardevlei* en *Klipheuwel*, geleë digby die noordelike oewer van die Benede-Bergrivier.

Om die een of ander rede het Jasper Coetzee Jac/sn. *Klipfontein* teen ongeveer die begin van 1811 ontruim ten gunste van Jacobus Gideon Louw Jac/sn.,³⁵ met wie Gerrit ooreengekom het om daardie deel van die plaas wat hy as bywoner van Jasper bewoon het, te behou. Jasper se kop het Klein-Namakwaland toe gestaan. Weliswaar het hy vir nog sowat drie jaar, soos deur die opgaafrolle weerspieël, êrens in die veldkornetswyk van Daniel Lambrechts, oënskynlik as ’n bywoner, aangebly. In 1814 egter tref ons hom aan op die plaas *Remhoogte* aan die oostelike punt van die Kamiesberge. Sewe jaar later besit hy in daardie geweste drie plase, nl. *Olyvenfontein*, *Wolwepoort* en *Groote Valley*.³⁶ Alhoewel hy, geoordeel aan sy opgawe, teen daardie tyd ’n welgestelde veeboer was, het hy nogtans versuim om die bedrag van 4,000 riksdalders wat hy aan sy vader, toe reeds oorlede soos later hier verduidelik word, verskuldig was, aan sy weduwee-moeder te betaal.

Nadat Jacobus Louw *Klipfontein* drie jaar in lening besit het, het die okkupasieregte op die naam van sy seun Jacobus oorgegaan. Na ’n

32. J 351 Tulbagh, wyk van veldk. Daniel Lambrechts.

33. J 350 Tulbagh, *ibid*.

34. Sy was ’n afstammeling in die vyfde geslag van een van die verskeie Smitstamvaders, nl. Jan Smit, geh. Adriana Tol. De Villiers en Pama: op. cit., Deel III (S-Z), bl. 886.

35. J 435 Tulbagh 1811, bl. 21. Louw was voorheen veldkornet van „Het Onderste Bokkeveld over de Oliphants en Doornrivieren”. J 382 Clanwilliam, 1809.

36. J 389 Clanwilliam, 1821, bl. 18.

verblyf van slegs een jaar het laasgenoemde ook daar padgegee. Onmiddellik daarop is die plaas deur Gerrit Coetzee uitgeneem, op sy beurt ook „in comp.”, soos 'n klerk dit in die opgaaflys van 1815 gestel het.³⁷ By magte van sy ordonnansie het die reg op bewoning van die hoofopstal, geleë by die historiese „Koele Klipfontein”, Gerrit nou toegekóm. Daarheen het hy dan ook sonder versuim verhuis.

Sedertdien is *Klipfontein*, hoewel nog as een plaas geregistreer en as sodanig in 1819 ook opgemeet, met amptelike goedkeuring in twee dele uitgeneem. Gerrit Coetzee het die oostelike deel, insluitende *Grootkloof*, besit, terwyl die westelike deel agtereenvolgens deur Johannes Christiaan Brand, Jacobus Thiart en Martin Melck uitgeneem is. Op hierdie grondslag is die plaas onder die erfpagstelsel aan Gerrit Coetzee en Piet Laubscher Jac/sn. in ewigdurende erfpag in 1831 toegeken.³⁸ In 1864 is die gedeelte *Grootkloof* deur die toenmalige eienaar, Theunis Erasmus Smit, as 'n afsonderlike plaas laat opmeet en aan Abraham Jacobus de Klerk verkoop.³⁹

Met onbetwisbare sekerheid kan verklaar word dat *Grootkloof*, terwyl dit nog 'n integreerende deel van *Klipfontein* was, die plek was waar Maria Margaretha Cloete haar lewensaand deurgebring het. Hier is sy vroeg in April 1822 in haar ses-en-taagtigste jaar oorlede, en hier is haar stoflike oorskot ter ruste gelê. Haar eggenoot, Jacobus Coetzee Jan/sn. het haar vooruitgegaan, maar só presies kan sy sterfplek en -datum nie aangedui word nie. Want, vreemd genoeg, nadat hul name, soos reeds aangehaal, op die wyksopgaafrol van 1810 nog saam verskyn het, word daar in die lyste van die volgende vyf jaar nóg van hom nóg van haar enige melding hoegenaamd gemaak. Eers weer in 1816 kom haar naam ewe skielik voor, toe as „de Wed. Jacs. Coetzee geb. Cloete”.⁴⁰ Dit staan dus vas dat Jacobus Coetzee êrens tussen 1810 en Maart 1816 (opgawes is gewoonlik in Maart van elke jaar gedoen) oorlede is. Nader kan sy sterfdatum nie bepaal word nie omdat daarvan geen ander dokumentêre bewys as die bg. leidraad uit die opgaafrolle bestaan nie. 'n Sterk aanwysing dat hy op *Grootkloof* oorlede is, word deur hierdie vraag ingehou: Waarom sou sy oorlewende eggenote tot die dag van haar dood met soveel verbondenheid aan *Grootkloof* vasgehou het?

Van besondere betekenis is in hierdie verband ook die feit dat Gerrit Coetzee Jac/sn. van *Groot-Klipfontein* (*Klipfontein* is in later jare so hernoem), en waarskynlik ook ander lede van sy huisgesin, in die oudste begraaftplaas, dié van die Coetzee's, op *Grootkloof* begrawe is — klaar-

37. J438 Tulbagh, 1815, wyk van Daniel Lambrechts.

38. Cape Qts. Vol. 52/65. Grootte: 3385 morge 515 vk. rde., en die erfpag £5-3-0d. per jaar.

39. Farms Reg. Piq. Vol. 5/215A. Grootte: 1939 morge 189 vk. rde. Hiervan is 146 morge 122 vk. rde. in 1906 deur die destydse eienaar, Jacs. Petrus Kotze, by die afstigting van die N.G. Gemeente Aurora van Piketberg, aan die kerkraad geskenk vir die aanlê van die dorpie Aurora.

40. J356 Tulbagh 1816, wyk van veldk. Danl. Lambrechts. Haar naam volg op die name van Gerrit Coetzee en sy ouer seuns — 'n duidelike bewys dat sy 'n bywoner van hom was.

blyklik omdat sy ouers daar ter ruste gelê was. Selfs Gerrit se seun Jasper van die plaas *Langrug* en sy vrou is, soos uit die volgende blyk, daar begrawe: „Dit skyn nou dat dit (die ou begraafplaas op *Grootkloof*) die familie-kerkhof was van die Coetzee's vanaf Groot-Klipfontein tot by Langrug. Mevrouw Gert Coetzee geb. Ehlers van Langrug getuig in 1968 dat haar moeder Johanna Maria Janetta, geb. 26 Sept. 1848, 'n dogter van Jasper Coetzee en Aletta Maria Petronella Sertyn, aan haar vertel het dat haar ouers, d.w.s. Jasper en Aletta, (omrede eersgenoemde se gehegtheid aan sy grootvader en -moeder, Jacobus Coetzee en Maria Margaretha Cloete) op *Grootkloof* begrawe is”.⁴¹

'n Verdere aanwysing dat Jacobus Coetzee op *Grootkloof* oorlede en begrawe is, is die veelseggende feit dat Maria Margaretha Cloete op haar oudag presies *daar* die klein boerdery voortgesit het wat haar oorlede man aan haar nagelaat het. Volgens haar laaste opgawe, in 1818 gedoen,⁴² het sy een Hottentot in diens gehad en, benewens 5 slawe en twee slavinne, 14 trekosse, 24 aanteelskape en 15 bokke besit. Vir haar huishouding het sy 3½ mud koring gesaai en 37 mud gewen. Haar onge troude kleinseun, Jacobus Coetzee Gert/sn., wat ook reeds op klein skaal te *Grootkloof* geboer het, het by haar ingewoon.

Op 14 Desember 1818 het hierdie stoere boerevrou haar testament met 'n nog ferme hand geteken: „Maria Magrita Kloete”, en nie minder dan sewe van die bekendste boere in die omgewing het die dokument as getuies geteken nie.⁴³ Daarin verleen sy aan een van haar slavinne, Dina van de Kaap (Kaapse Kleurling), vrystelling op koste van haar boedel, en bepaal voorts dat haar orige lyfeienes, o.a. die vyf seuns van Dina, nie per publieke veiling nie, maar onder haar erfgename verkoop moet word, t.w. haar agt nog in lewe synde kinders en die nagelate seun en dogter van wyle haar seun Johannes, nl. Johannes Hermanus Coetzee en Maria Margaretha Coetzee gehuwd met Johannes van Zyl.

Vier jaar later, in die eerste week van April 1822, is Maria Margaretha Cloete oorlede. Haar boedelinventaris is deur haar skoonseun, veldkornet Daniel Lambrechts, te *Grootkloof* op 8 April, waarskynlik die dag van haar begrafnis, voor twee getuies opgeneem en tesame met haar testament aan die Weesheer te Kaapstad besorg.⁴⁴

Aan die voet van die bergrug ten ooste van die opstal op *Grootkloof*, lê die ou Coetzee-begraafplaas, 'n hanetreetjie hoër op as die een wat in later jare tot stand gekom het. In 'n poging om te probeer vasstel of die grafte van Jacobus Coetzee en Maria Cloete uitgeken sou kan word, het skrywer hiervan in die geselskap van mev. Johanna Coetzee-Visser van *Groot-Klipfontein* onlangs die gewyde akker besoek. Hoewel

41. Aanhaling uit 'n skrywe gedateerd 3.6.1969 van mev. J. Visser, geb. Coetzee, 'n agterkleindogter van Jasper, van *Groot-Klipfontein*, Aurora, aan skrywer hiervan.

42. J 358 Tulbagh, wyk van veldk. Daniel Lambrechts.

43. MOOC 86/81, nr. 7/86, Kaapse Argief.

44. MOOC 86/82, Kaapse Argief. Die testament en die inventaris is op 16 April 1822 ten kantore van die Weesheer aangeteken.

omhein, was die begraafplaas in 'n toestand van verlatenheid: dig begroeid en nouliks te onderskei van die ruie bossiesveld daaromheen.

Ons het die bosse en struikgewas laat wegkap en sodoende talle grafte blootgelê. Die merendeel lê nog yl bedek met die klippe wat nage-noeg anderhalwe eeu gelede daarop gestapel is; die res is deur wind en weer met die grond gelykgemaak. By geen enkele een is selfs die eenvoudigste van alle grafserke of -stene ter wêreld aangetref nie. 'n Soek-tog is derhalwe op tou gesit na, volgens ons oordeel, die oudste, langs mekaar geleë twee grafte. Op 'n gelyktetjie naby die regterhoek aan die bergkant van die terrein het ons op twee sulkes afgekom en hulle spon-taan vir 'n oomblik in gewyde stilte betrag. Hier, so het ons dit aange-voel, rus Jacobus Coetzee Jan/sn. en Maria Margaretha Cloete.

M. D. H. Smith.